Verwysing: 20190425-4026
Lêerno.: 12/2/13/6
Navrae: A Henriques

Inrigtingshulpbronbestuurminuut: 0005/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare skole

Kort opsomming: *Aanlyn stelsel op SOBIS vir skole se bestelling van KABV-handboeke vir graad 1 tot 12.*

Onderwerp: Aanlyn stelsel vir die bestelling van KABV-handboeke vir graad 1 tot 12

1. Daar word van skole in die Wes-Kaap verwag om 'n handboek vir elke vak aan elke ingeskrewe leerder te voorsien.

2. Om toe te sien dat alle leerders by elke skool handboeke vir elke vak in 2020 het, word prinsipale versoek om:

2.1 hul verwagte graad-vir-graad-leerderinskrywing vir 2020 te beraam;
2.2 die verwagte getal addisionele leerders aan die begin van 2020 te skat, gebaseer op tendense van die afgelope paar jaar;
2.3 te verseker dat alle ongebruikte handboeke wat tans in pakkamers is, in ag geneem word; en
2.4 hul handboeke se jaareind-retensiekoers van die afgelope paar jaar in ag te neem.

3. Die inligting in paragraaf 2 moet gebruik word om handboek-aanvullingsbestellings vir 2020 te maak.

4. Skole sal slegs een geleentheid in 2019, tussen 27 Mei en 07 Junie, kry om al hulle aanvullende handboeke te bestel met behulp van die aanlyn stelsel wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) verskaf word. Dit beteken dat skole tyd moet neem om hulle aanvullende handboekbehoeftes noukeurig vir 2020 te beplan, met inagneming van al die faktore aangedui in paragraaf 2.

5. Die norme-en-standaarde (N&S)-toewysings van skole se leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal sal gebruik word om aanvullende handboeke en leerdergroeihandboeke in Januarie 2020 te betaal.

6. Skole word aangemoedig om hul voorbereidings vóór die aanlyn vasleggingstydperk af te handel en hul aanvullende handboekbehoeftes vanaf die dag wat die aanlyn stelsel op 27 Mei 2019 oopmaak, vas te lê.

7. Wanneer toegang tot SOBIS verkry word, kies die "Administration"-opsie op die kieslys en kies dan "CAPS textbook top-up" op die aftreklysie. 'n Subkieslys sal verskyn, wat dan toegang tot die vasleggingskerm en die "How to guide" sal bied. Skole word aangemoedig om, vóór die vaslegging van aanvullende handboekbestellings, hulself vertroud te maak met die inhoud van die "How to guide".

8. Verwys asseblief na die verwelkomingsnota en handleiding op SOBIS om vas te stel wie gekontak moet word indien enige probleme met die vaslegging van die aanvullende handboekbestellings ondervind word.

9. Sodra die aanlyn bestelling deur die prinsipaal geverifieer en afgeteken is, moet die skool 'n drukstuk van die geverifieerde bestelling druk, kontroleer dat dit korrek is en op rekord plaas.

10. Indien 'n titel nie via die bestelstelsel beskikbaar is nie, moet skole die aangehegte templaat vir bestellings (Addendum 1) gebruik om hulle benodigde KABV-goedgekeurde handboeke te bestel. Die ingevulde bestelvorm moet elektronies gestuur word vir die aandag van mnr. Bernard Stoffels (tel. 021 467 2345) aan Bernard.Stoffels@westerncape.gov.za voor of op 07 Junie 2019.

11. Dit het onder die aandag van die WKOD gekom dat skole daartoe geneig is om die aflewering van bestellings wat verkeerdelik deur die skool geplaas is, te weier, wat dan finansiële implikasies vir verskaffers inhou. Verskaffers of hul afleweringsagente sal onder geen verpligting wees om bestellings wat korrek afgelewer is, terug te stuur nie. Prinsipale word daaraan herinner dat die skool finansieel aanspreeklik is vir alle bestellings wat via SOBIS geplaas word. Die skool het dus geen ander keuse as om die aflewerings ooreenkomstig 'n amptelike bestelling te aanvaar nie.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: S ABRAHAMS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-04-30

Western Cape Government
Education

ADDENDUM 1

ONLINE ORDERING PROCESS OF 27 MAY TO 07 JUNE 2019
ORDER OF TOPUP TEXTBOOKS NOT DETAILED ON THE CEMIS ORDER SHEET

PLEASE FORWARD DOCUMENTS VIA EMAIL TO Bernard.Stoffels@westerncape.gov.za BY 7 JUNE 2019

Name and address of school: _____ _____ _____ **Telephone no.:** _____ **EMIS no.:** _____	**Completed by:** _____ **Signature:** _____ **Date:** _____

Grade	Enrolment	ISBN no.	Title	Publisher	Quantity